

15 Desember

Skrifgedeelte: 1 Konings 1:32-46

Fokusgedeelte: 1 Konings 1:40

Word deel van die feesoptog

'n Feesoptog! Salomo is as troonopvolger van Dawid gesalf soos die Here dit wou gehad het. Adonia, die onderkruiper wat die koningskap wou steel, het in die stof gebyt. Die klank van die ramshoring het almal se aandag getrek, en die uitroep het weerklink: "Lank lewe, koning Salomo!" Die hele volk sluit by die optog van Gihon na Jerusalem aan, en die blydskap en opwinding oor koning Salomo se salwing word al harder – die helder klanke van fluite vul die lug en die skare jubel en juig, totdat "die aarde daarvan dreun."

Koning Salomo se kroningsoptog straal iets uit van die troonbestyging van 'n ander Seun van Dawid – Koning Jesus. Met die wederkoms van Christus sal Hy immers "my, saam met al die uitverkorenes, na Hom toe neem in die hemelse blydskap en heerlikheid" (HK Sondag 19).

Stadig maar seker neem in ons tyd hierdie feesoptog van ons Verlosser en Koning Jesus vorm aan. Die duiwel, die groot onderkruiper, is verslaan. Die stuiptrekkinge van Satan mislei dalk mense om te dink dat hy lewe en die baas is, maar die naderende voetstappe van Koning Jesus bewys die teenoorgestelde. Jesus, die Oorwinnaar, kom weer om finaal die Koningskap oor alles en almal wat bestaan, te beklee.

Kom, skaar jou deur jou geloof en toewyding by die feesvierende kinders van God en word deel van hierdie feesoptog wat Koning Jesus volg na sy ewige troon in die hemel. Kry jou fluite en ramshorings gereed. Jubel en juig: "Jesus is Koning!" totdat hemel en aarde en die hele skepping van dié erkenning en vreugde dreun.

Sing: Psalm 89:7 (Totius)

Ds Arnold H Mulder (Emeritus)